St. Sabinianus

29 Januarie

(sterf 275)

Die heilige Sabinianus was die broer van St. Sabina. Volgens oorlewering was hulle boorlinge van die eiland Samos. Saam met sy suster Sabina bekeer hy hom as jongman tot die Christelike geloof. Hy gaan na Gallië (moderne Frankryk), waar hy met groot sukses die Evangelie verkondig. Die groot getalle mense wat deur sy prediking Christen geword het, was vir die plaaslike Romeinse owerhede ’n gevaar. Hy is in hegtenis geneem en toe hy weier om sy geloof af te sweer is hy uiteindelik op bevel van keiser Aurelianus (270-275) onthoof. Hy word vandag nog vereer as die Apostel van die stad Troyes.

© Die Oratorium Uitgewery